

## GOD SE KANT VERTEL DIE EINTLIKE VERHAAL

deur Stephan Joubert ( e-Kerk)

Jesus se kruis het God se manier van kyk na sy kinders se lewens dramaties, ingrypend, aardskuddend, omvattend en fenomenaal verander. In die Ou Testament kon die Israeliete se offers hulle nie vrywaar van God se deurdringende kyk na hulle lewens nie. Ook nie hulle gehoorsaamheid aan Sy wet kon hulle permanent in die reine voor Hom hou nie. Die Here het steeds hulle sondes raakgesien. **Jesus het dit alles egter in een oogwink kom verander. Sy kruis is die groot uitveër. Dit is 'n permanente versperring tussen God se oordeel en sy redende genade.** God kan of wil nou nie meer Sy kinders se sondes heeldag sit en bekyk nie. **Jesus se kruis-offer is die voltydse genade-buffer tussen Hom en ons.**

As God nou na ons kyk wat in Christus glo, dan sien Hy net Jesus se goedheid raak wat oor ons ganse lewe een mooi woord geskryf het: **BETAAL!** (Kol 2:15). Geen wonder nie dat God die volgende op Skrif gestel het oor Sy nuwe manier van kyk én sy nuwe verhouding met ons:

*"Mense wat in Jesus Christus glo, word nou deur God van hulle sondes vrygespreek. Dit geld vir elkeen wat glo"* (Rom 3:22).

*"Die oordeel is vir altyd verby vir elkeen wat aan Christus Jesus behoort"* (Rom 8:1).

**God het ons voltyds lief, vanaf ons kop se kroontjie tot by ons kleinste toontjie.** Daar's nou vrede tussen Hom en ons (Rom 5:1). Daar's 'n permanente wapenstilstand tussen ons — een wat sal voortduur tot 'n ewigheid ver anderkant die graf. God se ongelooflike genade is oorgenoeg vir ons elkeen om gelukkig te leef... en te sterf. **Sien asseblief 'n slag Sy kant behoorlik raak.**

### Ek bid

Goeie Vader, U genade is aangrypend

Dit is 'n nuwe lewenspad

Dis die enigste veilige roete

Jesus, U offer is die pad na ons Vader se hart

Heilige Gees, U koms is vir ons 'n splinternuwe begin

Drie-Enige God, ons jubel vandag opgewonde oor U grootheid en genade.

Amen

**Liewe lidmaat van Rietfontein-Suid: ons het hier bo gelees "Jesus se kruis-offer is die voltydse genade-buffer tussen God en ons". Glo dit, vat dit as die waarheid ook vir jou lewe, en gaan deel dit ook aan ander mee!**



### Sy hand gryp jou altyd!

In 'n onderhoud met een van die wêreldklas sweefstokartieste van 'n sirkus word aan hom gevra: *wat maak jou so uitstaande dat jy al hierdie gevaarlike sweef-toertjies kan doen?* Hierop het hy ongemaklik geantwoord dat eintlik praat hulle met die verkeerde persoon, want die eintlike persoon wat al die verskil maak sodat hierdie sweefstoktoertjies moontlik is, is die *vanger* van die sweefstokartieste. Wanneer die persoon wat aan die sweefstok swaai op 'n bepaalde oomblik los dan is dit alles die vanger wat aan die ander sweefstok aan sy bene hang wat gryp en vashou. As albei sou gryp sou dit 'n ramp afgee van gebreke arms en mistastings. Die vanger vang! Die vanger gryp stewig vas! Al wat die persoon moet doen wat sweef, is om die sweefstok te los en arms uithou.



Dawid het ook ervaar hoe die Here hom gryp. Hoor wat sê hy in Ps 18:17 *Van bo af het Hy sy hand uitgestrek en my gegryp.*

Soms voel ons ook soos sweefstokartieste wat vir lewe en dood wil vasklou aan die sweefstok. Wanneer ons donkerte of krisis of teleurstelling in die gesig staar of iets beleef wat ons bang maak vir wat mag gebeur. Met ons sweethande klou ons dan om in beheer te voel. Ander kere voel dit of ons sommer net buite beheer tuimel of vryval grond toe.

### IN HIERDIE UITGAWE:

Taakspan vir Gebed **3**

Jy is gemaak om 'n verskil te maak **4**

Moet Nooit - Gedig **6**

God se kant vertel die eintlike verhaal **8**

Na bladsy 2 >>

Die goeie nuus is natuurlik dat die Here die spesialis Vanger of Gryper is! Nooit vang of gryp Hy mis nie! Hy sal nie toelaat dat jy jousef te pletter val nie. Jy kan in die grootste nood jousef met vertroue oorgee aan Hom. Sy hande kan wonderde vir jou doen. Dawid sê: *U regterhand ondersteun my en deur U hulp het ek sterk geword* (Ps 18:36b).

Wat ook al jou situasie en wat ook al jy nou beleef daar is hande wat gereed staan om te gryp en vang... Sy hande!! Veilige....liefdeshande sal jou vang en stewig teen Sy bors druk. Hy is gereed om jou te vang soos 'n pappa vir sy liefliedkind.

Geen wonder dat Dawid sê: *Ek het U baie lief, Here, my Sterkte* (Ps 18:2).

Saam in Sy hande.

ds Leon van Heerden



- ◆ 1 Maart: Wêreldbiddag vir Mans
- ◆ 7 Maart: Wêreldbiddag vir Vroue
- ◆ 9 Maart: Gesinne in Harmonie Diens
- ◆ 16 Maart: Omgee Sondag & Doop
- ◆ 21 Maart: Vakansiedag - Menseregtedag

**Sien jou daar!**



**TREE CARE / TREE FELLING:**

KONTAK / CONTACT ERNST 083 656 4992  
www.treecarepta.co.za

**GRATIS** - Verwydering van onherstelbare, onbruikbare, verouderde of herwinbare goedere. Kontak 084 942 7399

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadjie adverteer!  
Kontak Ilze 072 111 3100, email - ilzedples@gmail.com

**Die Gemeente wat vir almal omgee!**



**KOM SLUIT AAN BY 'N OMGEEGROEP! Jy sal nie spyt wees nie.**

**VISIE VAN DIE OMGEEGROEPE-TAAKSPAN:**

*Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepes mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.*

*Indien jy graag by 'n Omgeegroep wil inskakel of een wil stig, kontak asseblief:*

*Liezel Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591*


**Kombadja-projek - "Rys vir arm oumense"**

Skenkings word asseblief gevra vir rysvoorsiening vir arm oumense wat amper doodgaan van honger.

Eenmalige of maandelikse bydra kan gemaak word aan:

Bamboo shoot: A Glas / ABSA, Spaar rek no. 038187730900

Verwysing: Voedingskema



Soos druppels op 'n roos val,  
val God se Gees op jou,  
en bedek jou vandag met nuwe Lewe,  
nuwe krag, besondere skoonheid  
en 'n lieflike geur.



## **MOET NOOIT**

*Opkrop as jy iets op die hart het nie  
Stilbly as jy 'n opinie het nie  
Moed opgee as jy sukkel nie  
Kwaad word as jy teleurgestel word nie  
Ophou wanneer jy verloor het nie  
Ongeduldig raak as jy nie jou sin kry nie  
Bly lê as jy geval het nie  
Persoonlik raak as jy in die rug gesteek word nie  
Sinies raak as liefde nie uitwerk nie  
Oordeel as jy iemand nie ken nie  
Verwyt as iemand 'n fout begaan nie  
Haat as iemand jou seermaak nie  
Ophou glo as jou vertrouwe geskend word nie  
Bang wees as jy alleen is nie  
Twyfel in jousef nie*

*WANT..... Jy is baie spesiaal en elke liewe ding wat met jou gebeur en elke liewe mens wat oor jou pad kom, is vooraf vir jou beplan om jou sterker, wyser en slimmer te maak*

*en jou diepte en karakter te gee.*

*Geniet jou lewensreis.....*

*Onthou.....*

*Hoop maak die reis moontlik, Geloof maak dit makliker en Liefde maak dit onvergeetlik mooi.*




# Taakspan vir Gebed

Gebedsgroepe is getaak om te bid vir spesifieke versoeke, onder andere die versoeke wat uit die kassie agter in die kerk kom, versoeke van selgroepe, noodlyn, jeug en volwassenes. Die gebedversoeke van die kassies is minimaal, en ek is seker ons het mekaar nodig om vir mekaar te bid. Die gebedstaakspan wil graag voorstel dat u enige gebedsversoeke in die kollekte bord sal gooi, as dit u beter sal pas, want niemand sal u sien as daar n versoek in die bordjies land nie.

Die gebedsgroepe is:

- Vrydae oggend 5h00
- Selgroepe
- Gebedskring- Sondag 17h00
- Voor die dienste Sondag oggende en aande in gebedskamer. Ons beleef dat die gebeds tye in die gebedskamer voor kerk nie baie gebruik word nie. Ons doen n versoek op elke ene in ons gemeente om daarvan gebruik te maak asb.



Ons wil dan die volgende aksies weer onder julle aandag bring:

### **Gebedsmuur; 24/7 gebed vir ons gemeente spesifiek.**

Hiervoor benodig ons 168 mense wat sal bid elk vir 'n uur per week; as jy jousef verbind om 'n sekere tyd te bid, moet daarby gehou word asb. Die muur is beskikbaar in die gebedskamer langs die konsistorie; of Tannie Alet Briers of Karin v Schalkwyk kan ook geskakel word in die verband.

Sal u asb hiervoor "commit" en sodoende deel wees van 'n muur van gebed vir beskerming van ons gemeente teen die vyand.

Ons wil ook vir almal dankie sê wat verlede jaar deelgeneem het aan "one day in the gap" enisiatief van Jerigo mure. Ons sal weer die jaar deelneem. Daar sal inligting deurgegee word by die kerk in die verband.

Daar is twee geleenthede die jaar waar ons graag op gebed wil fokus; moet:

- Ons wil graag die sms stelsel uitbrei, en vra almal wat bereid is om te bid, om hulle sel nommers deur te gee vir gebedsversoeke.
- Jy kan ook net 'n versoek stuur na die nommers soos hieronder genoem.
- Ons wil graag ons gebedsmuur vol maak, en weet ons is sodoende God se warriors.

\*Ons wil ook hiermee 'n dringende versoek doen op mense wat op enige gebedslys is, dat hulle, hulle nuwe inligting asb sal deurgee, indien dit verander het.

\*Ons vra ook as jy by die gebedspan wil betrokke raak skakel ons gerus, met idees en voorstelle en aksies, ons verneem graag van u.

Gebeds groete

Gebedstaakspan

Voorsitter: Karin van Schalkwyk 0825696590


Ondervoorsitter: Elzette Muller 0721842737

Tannie Alet Briers 0796809255



## Jy is gemaak om 'n verskil te maak...

Ek is baie opgewonde oor die 4 weke reeks (2,9 Feb en **2,9 Maart**) wat ons gaan aanpak en hoop dit gaan 'n impak op elkeen se lewe maak en dat daar groot dinge daaruit sal voortspruit. Die tema van die reeks is: "Jy is gemaak om 'n verskil te maak". Diep binne in ons wil ons almal tog 'n verskil maak, maar dit is soms moeilik vir ons om verby ons eie *issues*, probleme en afleidings te kom, om te sien maar ons kan nou 'n verskil maak! Ons gaan kyk hoe veral tieners 'n verskil gemaak het in mense se lewens deur hulle gawes en talente te gebruik en op die Here te vertrou. Hier gaan ons na die boek van Handelingte kyk en sien hoe God gewone mense gebruik het om 'n verskil in ander se lewens te maak! So kom *join* ons!!!



2 Maart - Deel 3 om 18:00

9 Maart - Deel 4 om 18:00

# Our fingerprints don't fade from the lives we've touched.

Quote by Will Fetters

